Funksie-Ghoeroe Maak Bloemhof- Leerders Touwys Voor Mutriekafskeid
30 Jul 2015 : Eikestadnuus
AVE: 4127,59
Circulation: 4596,00
Dimensions: w:171 h:101
© DALRO Copyright

Publication: EIKESTADNUUS
Date: 2015-07-30
Page: 12

Funksie-ghoeroe maak Bloemhof-leerders touwys voor matriekafskeid

Die matriekafskeid van Hoër Meisieskool Bloemhof is om die draai en ter voorbereiding van die glansgeleentheid op 14 Oktober 2015 in die Stellenbosse stadsaal, het vyftien van die skool se graad 11-leerders besluit dis tyd vir voorbereiding.

Die jong dames sal verantwoordelik wees vir die bediening tydens die matriekafskeid en om hul vaardighede op te skerp het hulle by funksie-ghoeroe, Aleit Swanepoel, gaan aanklop.

Aleit het hulle verlede Vrydag by The Aleit Academy in Somerset-Wes ontvang waar hulle die beste gasvryheidswenke gekry het. Hulle sal ook kelnerin speel tydens die Bloemhof Winterbal op 31 Julie 2015 by Zorgvliet, 'n fondsinsamelingsgeleentheid vir die skool.

Om die koue verlede Vrydag te verdryf, is die leerders eers op warm sjokolade en biscotti trakteer, voordat Aleit sy kennis oorgedra het.

Hy het alles bespreek, van voorkoms tot wynetiket, hoe om kos op die regte manier te bedien en selfs die borde na ete te verwyder. Hy het ook die goue reël van vriendelikheid en die bereidheid om vir ander van diens te wees, beklemtoon. The Aleit Academy het drie volledig gedekte tafels vir die leerders voorberei en hier kon hulle na hartelus oefen met ou wynbottels gevul met water.

Die studente is huistoe met nuwe vaardighede, 'n glimlag en 'n Aleit Academy linneservet as aandenking.

Aleit Swanepoel van die Aleit Groep wys vir Denise Coetzee van Bloemhof hoe om 'n gas by die tafel te help.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission